Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

BEGROTINGSREDE - 2009/2010 FINANSIëLE JAAR

1. VOORWOORD

Geagte mnr die Speaker, mede-raadslede, die Munisipale Bestuurder, ander bestuurders, dames en here: As nuutverkose Burgemeester van Swartland Munisipaliteit is dit vir my ‘n eer en voorreg om die 2009/2010 finansiële jaar se Kapitaal-, Bedryfsbegroting en tariewe aan u voor te hou. Alhoewel ek in my groeiskoene as Burgemeester staan, wil ek u egter die versekering gee dat ek alles in my vermoë sal doen om hierdie taak aan my opgelê in terme van die MFMA met groot omsigtigheid en verantwoordelikheid uit te voer. Ek, meer as u, besef dat dit veral in ‘n baie moeilike ekonomiese tydperk is wat ek hierdie verantwoordelike taak sal moet uitvoer, veral noudat Suid Afrika na bykans 17 jaar, homself ook in ‘n resessie bevind.

Mnr die Speaker, aan die begin van hierdie Begrotingsrede, gun my die geleentheid om alle amptenare verantwoordelik dat Swartland Munisipaliteit weereens ‘n ongekwalifiseerde oudit verslag ontvang het vir die 2007/2008 finansiële jaar, hartlik te bedank. Alhoewel ek nie eintlik iemand wil uitsonder nie, moet ek tog meneer Christo Gerber gelukwens met werk van hoogstaande gehalte in hierdie verband. Selfs Professor Chris Kapp het daarna verwys dat Swartland Munisipaliteit se finansiële state as van die beste in die land gereken kan word. U het ons as Raad, kollegas en gemeenskap trots gemaak.
Nodeloos om te sê, geen onreëlmatighede of ongemagtigde uitgawes is gerapporteer nie.

Mnr die Speaker, na aanleiding van die LGMTEC 3 wat op 8 Mei 2009 in Malmesbury plaasgevind het, kan terugvoering gegee word dat die vergadering baie positief was. Kommer was wel deur die Provinsiale Tesourie uitgespreek oor die finansiële volhoubaarheid en bekostigbaarheid van die begroting vir die gemeenskap in sy geheel.

Mnr die Speaker, soos u en die Raad sal weet, gaan dit nie goed in terme van finansiële volhoubaarheid nie. As gevolg van verhoging in elektrisiteit, kospryse, petrol, eiendomsbelasting, salarisse en dag-tot-dag uitgawes van die Munisipaliteit, is dit onafwendbaar dat

verbruikersrekeninge op dieselfde wyse geaffekteer sal word. Dit mnr die Speaker is ‘n groot kommer, nie alleen vir my as Burgemeester van die Raad nie, maar ook vir u as Raad, die Bestuurspan, asook vir die gemeenskap. Ons word almal deur dieselfde probleem gekonfronteer. Saam sal ons ‘n oplossing moet soek om hierdie uitdaging die hoof te bied en om die munisipale dienste bekostigbaar te hou.

Ek wil ook ‘n woord van dank uitspreek aan die lede van die publiek wat gehelp het om van die probleme in die begroting aan te spreek en daardeur kon ons sekere tariewe na ‘n meer aanvaarbare verhoging aanpas.

Met die voorwoord as agtergrond hou ek dan nou die 2009/2010 begroting aan u voor.

2. BESPREKING

2.1 Uitstaande Debiteure/Kredietbeheer

Mnr die Speaker, dit is met groot kommer dat ek waarneem dat die uitstaande debiteure van die Munisipaliteit maand na maand toeneem. Gesien in die lig van bogenoemde redes blyk dit dat verbruikers sukkel om hul rekeninge te betaal op of voor die betaaldatum. Op die lange duur sal hierdie feit definitief ‘n negatiewe invloed op die Raad se kontantvloei hê. Dit is met gemengde gevoelens dat ek sê dat ons as Raad moet seker maak en ons gemeenskap moet aanmoedig om hul rekeninge elke maand betyds te betaal, en dat ons die kredietbeheerbeleid moet afdwing, en dat ons as Raad moet voortgaan om die kredietbeheer afdeling se hande te vat en hul te voorsien van die nodige inligting, welwetende dat die lewenskoste besig is om ons almal in te haal. Die feit bly staan dat ons sonder fondse van die gemeenskap asook Nasionale en Provinsiale Regering nie in staat sal wees om volhoubare dienste te lewer aan ons gemeenskap nie.

Die volgende strek my tot kommer en kan bydraende faktore tot die styging in uitstaande debiteure wees :

1. Die laat aflewering of nie-aflewering van munisipale rekeninge,
2. Verkeerde/onvolledige en selfs niks seggende adresse op dienste rekeninge,
3. Ontbrekende / behoorlike straatnaamborde in baie gebiede en strate wat dit onmoontlik maak vir die poskantoor om aflewerings te doen,

4. Moontlike onvermoë van die poskantoor om posaflewerings effektief te lewer.

Wat kan as oplossing dien :

1. Samespreking met die Posmeester,
2. Oorweeg om die diens self te lewer met mense uit die werkloosheid databasis, “uit die betrokke gemeenskap, terug na die gemeenskap”, indien die Posmeester goedkeuring sou verleen, maar hierdie opsie sal uitsluit die dorpe Malmesbury, Moorreesburg, Darling en moontlik Yzerfontein,
3. Stel GIS in werking om slegs een databasis te hê vanwaar adresse in die finansiële stelsel ingevoer kan word,
4. Fisiese teenwoordigheid van die munisipale polisie by kredietbeheer,
5. Verander die laaste betaaldag van die munisipale dienste rekeninge na die laaste werksdag van die maand en;
6. Lees elektrisiteits en watermeters op ‘n 30 en 31 dae siklus.

2.2 ‘*Equitable Share*’ Deernishuishoudings

Slide 11

Mnr die Speaker, in terme van DORA word dit beoog om aan die Raad die volgende deernissubsidies toe te staan: R15 691 000, vir 2009/2010, R19 982 000 vir 2010/2011 en R21 990 000 vir 2011/2012. Met die begroting soos getoon in 2011/2012 en ongeveer 6522 huishoudings wat nie hulle rekeninge kan betaal sal ons ‘n tekort R 4.5 Miljoen bedra.

Slide 12

Ek is van mening dat die Raad die huidige deernishuishoudings subsidies reeds aan deernishuishoudings toegestaan, moet behou, soos 10 kl water en 50 kWh elektrisiteit waarvoor die kliënt aansoek moet kom doen en dat die Eskom ooreenkoms om voorafbetaalde elektrisiteit teen ‘n lae tarief eerbiedig word, sowel as gratis riooldienste, gratis vullisverwydering 4 keer per maand en dat geen eiendomsbelasting betaal sal word tot ‘n waardasie van **R75 500 per jaar** nie.

Verder beveel ek aan dat diskresionêre bevoegdheid verleen word aan die Direkteur: Finansiële Dienste (sy gedelegeerde) om oninbare skuld wat ontstaan het as gevolg van die finansiële onvermoë van die deernishuishoudings om vir daardie dienste te betaal, wat voortgespruit het uit waterlekkasies en

eiendomsbelasting en die boperk oorskry soos deur die Raad in terme van die Kredietbeheerbeleid bepaal, af te skryf.

Verder beveel ek aan dat die Raad volstaan met die gratis loodgieter dienste wat aan deernishuishoudings verleen word in ‘n poging om die waterverliese van lekkende toilette, waterpype en krane te beperk en sodoende die uitstaande skuld onder beheer te hou.

Mnr. Die Speaker wat my egter tot kommer strek is die instroming van nuwe mense na die Swartland area wat van dienste gebruik maak, wat ‘n geweldige las op die infrastruktuur plaas, en dat hierdie mense nie bydra tot die koste van hierdie infrastruktuur nie. Vir die huidige het ek geen oplossing vir hierdie geweldige probleem wat ons in die gesig staar nie, maar sal ons ernstig moet gaan besin wat ons te doen staan om die probleem aan te spreek, ten einde alle inwoners ‘n bydra te laat maak tot die bestryding van koste om die infrastruktuur in stand te hou.

2.3 Eiendomsbelasting

Slide 13

Dit dien gemeld te word dat daar verskeie pogings deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksie aangewend is (Met waardevolle voorstelle wat ons uit Yzerfontein verkry het) om ‘n te hoë styging in die eiendomsbelastingkoers af te weer wat gewissel het van nagenoeg 30% en finaal vasgepen is op 6%.

Statutêre Vereistes (Maksimum limiet/boperk) 2009/2010 = 6,00%

Ten einde hierdie lae koers gegewe die swak huidige ekonomiese toestand in Suid-Afrika, maar ook wêreldwyd te kon behaal, moes Bestuur verskeie uitgawes wat voorheen kontant gerugsteun was vir hierdie Begroting buite rekening laat. Gemelde optrede getuig nie noodwendig altyd van goeie finansiële bestuur nie, en sal die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Bestuur met ‘n finansiële herstelplan wat strek oor ‘n termyn van 3 tot 5 jaar vorendag moet kom voor 31 Augustus 2009.

Die eiendomsbelastingkoers vir 2009/2010 sien dan as volg daaruit:

- Dat die eiendomsbelasting vir Jakkalsfontein, Grottobaai onveranderd sal bly teen 25% **(R0.0013**) van die standaardkoers, welke eiendomsbelastingkoers **R0,0052** is.

- Dat die eiendomsbelastingtarief vir boere onveranderd sal bly, te wete 25% van die standaardkoers, dit is **R0,0013**.

- Dat pensionarisse wat in terme van die raadsbeleid kwalifiseer, tot ‘n bedrag gelyk aan 40% gesubsidieer word, bereken op 60% van die standaardkoers welke koers **R0,0031** sal wees. Dat ek ook ‘n dringende versoek aan die Bestuurspan rig om ondersoek in te stel om die subsidie aan pensionarisse uit te brei vir die volgende belastingjaar.

- Verder, beveel ek aan dat koerse vir 2009/2010 aangepas sal word vanaf **R0.0049** na **R0.0052** wat ‘n verhoging van **6,00%** verteenwoordig.

2.4 Elektrisiteit

Slide 14

Die Raad was nie in ‘n posisie soos vorige jare om elektrisiteitstariewe reeds met die 90 dae begroting goed te keur nie. Tot hede is daar steeds onsekerheid wat die finale verhoging in elektrisiteitstariewe sal wees. Die aanvanklike afkondiging was 25%, maar het spoedig verander na 34%.

Meneer die Speaker, daar word van Plaaslike Regering verwag om statutêr te voldoen aan die MFMA, maar dit is dinge soos hierdie wat dit onmoontlik maak vir Munisipaliteite om hul begrotings effektief op te stel en wat meer is, korrek aan die gemeenskap voor te hou tydens die jaarlikse publieke deelname proses.

Indien Eskom volstaan met ‘n 34% verhoging in die aankoopprys van die Raad, stel ek voor dat die Raad sy verkoopprys met slegs **25%** aanpas. As toegewing om nie ‘n te hoë finansiële las op minder bevoorregtes te plaas nie, wil ek ook voorstel dat die Raad **tarief 5 (alternatief – huishouding 20 Amp.) slegs aanpas met 8.60% en tarief 7 (voorafbetaalde krag vir deernishuishoudings met ‘n ready bord) met 12%).**

Wat hier van belang is mnr. Die Speaker is, is dat, indien Eskom sy tariewe met slegs 6% aangepas het en dit in lyn was met wat deur die Regering voorgestel is dat uitgawes mee verhoog kan word, sou die Raad ‘n besparing van 28% op die aankoopprys gehad het en sou die Raad sy verkoopprys slegs met **15%** hoef aan te gepas het.

2.5 Water

Slide 15

Die Weskus Distriksmunisipaliteit het die verkoopprys van water verhoog met 12%.

Nietemin, vir dieselfde redes waarom die WDM hul tariewe verhoog het, is die Raad verplig om dieselfde te doen, maar het ons gepoog om die uitgawes met net 10% aan te pas. Die gevoel met die 90 dae begroting op 26 Maart 2009 was egter om die tarief in ‘n mate te subsidieer, maar tydens die publieke deelname proses gedurende April 2009 het dit duidelik geword dat die gemeenskap veel eerder verligting verlang op die eiendomsbelastingtarief. Die R1 865 000 bydra vanaf die onaangewende oorskotrekening is toe aangewend ter verligting van die eiendomsbelastingtarief. Dus beveel ek aan dat die beoogde verhoging van 3.5% as volg gewysig word na 10% op die verkoopprys:

Huishoudelike verbruikers:	0	-	6 kl	gratis
	7	-	30 kl	R5.92
	31	-	60 kl	R8.15
	60	-	en hoër	R12.61
Besighede:	0	-	en hoër	R7.10
Sport klubs:	0	-	en hoër	R7.10

Die landbouers (vir huishoudelike doeleindes alleen) – dieselfde as vir huishoudelike verbruikers.

2.6 Riool

Slide 16

Dit word aanbeveel dat die tarief vir riool aangepas word met 14.95%. Die tarief is as volg: **vanaf R72.54 na R83.38 per maand. Die tarief word egter steeds jaarliks gehef in terme van die verordening, maar word in maandelikse paaiemente betaal.**

Dit word verder aanbeveel dat die raad volstaan met bestaande struktuur t.o.v die riooluitsuigpompingstarief, nl. dat die Raad vir die eerste riooluitsuigpomping **R83.38** vorder en die tweede uitsuig teen geen tarief doen, maar die derde riooluitsuigpomping en daarna indien al die uitsuigpompings in dieselfde kalandermaand gedoen word, teen **R333.33**. Indien daar geen rioolsuigpomping gedoen word nie, sal daar dus ook geen heffing gedoen word nie.

Dit dien ook gemeld te word dat die styging van 14.95% toegeskryf kan word in die verhoogde onderhoudskoste ten opsigte van die uitgebreide riooluitvalwerke in die Swartland Munisipale area, kapitaalonkoste, **maar dit was veral die verbruikerskommoditeit elektrisiteit wat totaal buitensporig gestyg het a.g.v Eskom se verhogings die afgelope 2 jaar van 34.2% en 34%. Daar is begroot vir R492 820, maar is die verwagting dat die uitgawe vir 2009/2010 R1 198 350 sal beloop.**

2.7 Vullisverwydering

Slide 17

Dit word aanbeveel dat die tarief vir vullisverwydering aangepas word met 12.00%. Die tarief is as volg: **vanaf R53.49 na R59.91.**

Die afdeling is vir die afgelope paar jaar op ‘n verlies bedryf en moes die raad pogings aanwend dat die diens ten minste gelykbreek in koste en nie afhanklik moet wees van ander handels- en ekonomiese dienste nie. Om hierdie doelwit te kon bereik, en steeds vir stygings in brandstof, uitbreiding in straatreiniging en instandhouding van stortingsterreine, kapitaalkoste en salarisverhogings voor voorsiening te kon maak, asook ‘n verlies om te skakel van – 1.00% na ‘n beoogde wins van 6.09%, moes die raad die tarief vir vullisverwyderingsdienste verhoog met 12%.

2.8 Kontantgefundeerde bedryfsbegroting

Slide 18

Weens die geweldige druk wat op die bedryfsbegroting geplaas word en in ‘n poging om die gemeenskap ‘n aanvaarbare tariefverhoging aan te bied, word aanbeveel dat ‘n bedrag van **R6 892 621** as ‘n bydrae vanuit die opgehoopte surplus tot die bedryfsbegroting goedgekeur word. Om egter te verseker dat kontant deur die jaar vir bedryfsuitgawes beskikbaar sal wees, sal departementshoofde en beamptes uitgawes slegs tot die mees noodsaaklike moet beperk, aangesien die bedryfsbegroting nie meer kontantgerugsteun is nie.

2.9 Grafieke t.o.v inkomste en uitgawe

Slides 19, 20, 21, 22, 23 & 24

Ek wil graag die volgende grafieke aan u voorhou:

1e) Opsomming van inkomste en groei
2e) Inkomste verdeling in persentasies uitgedruk vir 2009/2010
3e) Waaruit word die begroting uit gefinansier in 2009/2010?
4e) Waaruit word die begroting uit gefinansier in 2010/2011?
5e) Uitgawe verdeling in persentasies uitgedruk vir 2009/2010
6e) Totale uitgawes per jaar vanaf 2002 tot 2008 waaruit duidelik blyk dat Swartland ‘n enorme groei in uitgawes het.

2.10 Die effek van tariefverhogings op individuele huishoudings

Slide 25

Etlike voorbeelde is reeds aan elke raadslid gesirkuleer Dit dien egter gemeld te word dat die algemene verhoging in die omgewing van minder as 17% beloop. Individuele gevalle mag verskil, gebaseer op waardasies en verbruik.

Die hoof redes waarom die riglyn van ‘n 6% verhoging nie eerbiedig kon word nie, is met elke diens reeds toegelig, maar kan hoofsaaklik toegeskryf word aan statutêre verhogings in salarisse, ge-eskaleerde tariefverhogings soos deur Eskom afgekondig die afgelope 2 jaar nl. 34% en 34.2%. Buitensporige verhogings in brandstof en verbruikersitem waarin brandstof ‘n bestanddeel is bv. Onkruiddoders.

Verhoogde koste is instandhouding asook die geweldige toename in kapitaalonkoste (waardevermindering en rente op eksterne lenings) om maar net ‘n paar te noem.

Daar moet egter ingedagte gehou word dat die grootste gedeelte van die verhoging toegeskryf kan word aan Eskom met 34% op elektries en die Weskus Distriksmunisipaliteit en NIE aan Swartland Munisipaliteit nie.

As voorbeeld wil ek noem dat waar ons elektrisiteit lewer die totale rekening met ±14% tot 16% styg, terwyl daar in die gebiede waar ons geen elektrisiteit lewer die verhogings tot ±8% tot 10% beperk word, wat duidelik bewys dat elektriese tariewe ‘n invloed van ±6% op ‘n verbruiker se rekening het.

2.11 Voorsiening vir verlofgratifikasiebydrae, voortgesette mediesefondsbydraes en oninbare skuld.

Dit word aanbeveel dat die volgende bydrae tot fondse vir 2009/2010 gemaak word :

Verlofgratifikasiefonds:	**R1 050 000**
Langdiensbonusse:	**R737 090**
Bydrae tot voortgesette mediesefonds:	**R3 477 860**

2.12 Tariewe en Diverse Tariewe asook Beskikbaarheidsgelde

Slide 26

Dit word aanbeveel dat die tariewe soos reeds gesirkuleer aan Raadslede, goedgekeur word. Hier is nog eens alle tarief verhogings vir u gerief saamgevat.

SAMEVATTING

Mnr. die Speaker, vergun my weereens die geleentheid om eerstens my Komitee, maar ook my mede Raadslede, te bedank vir hulle bydrae tot die totstandkoming van die kapitaal en bedryfsbegroting vir 2009/2010 asook die meerjarige-kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2010/11 en 2011/2012.

Ook ‘n baie groot dankie aan die volle bestuurspan onder die bekwame leiding van ons Munisipale bestuurder Joggie Scholtz. Ons is vennote wanneer dit kom by die bestuur van die gemeenskap se fondse en het elkeen van u ‘n baie belangrike taak en rol te vervul.

Vergun my om die Direkteur Finansiële Dienste, Kenny Cooper, uit te sonder vir al sy harde werk en baie ure wat hy ingesit het om die begroting die lig te laat sien. Baie kere het hy seker moedeloos huis toe gegaan om maar weereens alles oor te doen. Mnr. Cooper sal jy ook jou vrou en jou personeel bedank vir hulle opoffering en werk.

Baie dankie

UITVOERENDE BURGEMEESTER
Mnr T van Essen

28 MEI 2009